WAAROM IS GOD VERSTEEK?

—deur Dr. Peter Hammond

Vir die wat willens en wetens blind is, mag dit voorkom of God afwesig is. Maar vir diegene wie se oë reeds oop is, is daar genoeg bewyse dat God bestaan.

Een van die bekendste ateïste van die 20ste Eeu, die Britse filosoof Bertrand Russell, het die volgende geskryf op die vraag wat hy sal doen as hy moet uitvind dat daar inderdaad 'n God is: "Why I'm not a Christian? I will then ask the Almighty: 'Why didn't you give us more evidence?'"

Wetenskaponderwyser en outeur Ken Poppy, het hierop reageer. Hy was van mening dat: "Russell seems to be positioning himself in case he needs to shift the blame to God for not being more convincing."

'VERSTEEKTE GOD'

Die 17de Eeuse Franse wiskundige, Blaise Pascal, het geskryf dat wat op aarde sigbaar is, nie die totale afwesigheid of teenwoordigheid van God aantoon nie, maar veel eerder die teenwoordigheid van 'n versteekte God weerspieël. *"Enigiets is rein vir die wie se harte rein is. Maar niks is rein vir hulle wat korrup en ongelowig is nie, want hulle gedagtes en gewetens is besoedel."* Tit 1:15.

God is nie versteek nie. Hy openbaar Sy krag en majesteit en waarheid op veelvuldige maniere. Hy is duidelik in die natuur, in die mens se gewete en in Jesus te sien.

Vir die wat willens en wetens blind is, mag dit voorkom of God afwesig is, of erger nog, dat, indien Hy daar is, Hy besonder wreedaardig is. Maar vir diegene wie se oë reeds geopen is, is daar 'n oormag bewyse dat God in die Skepping, in ons gewetes en in Jesus Christus teenwoordig is. Daar is nie 'n enkele plek in die ganse heelal of hier op aarde waar Sy vingerafdrukke nie gesien kan word nie. Ons word egter deesdae met 'n baie venyniger en aggressiewer vorm van ateïsme gekonfronteer. Tog ironies dat militante ateïste so baie tyd daaraan spandeer om te bewys dat God, aan wie hulle in elk geval nie glo nie, nie bestaan nie.

KONFRONTEER ATEÏSTE

Indien jy al die vele verskriklike aanvalle deur ateïste op God gelees het, sal jy dadelik agterkom hoe geneig hulle is om die onderskeid tussen die Christendom en Islam te verwar. Hulle noem verskriklike gruwels wat in die naam van godsdiens gepleeg is en kom dan met die argument dat dit God se skuld is! Dit is in die eerste plek onregverdig om die slagoffers te blameer vir dit wat deur hul vervolgers gedoen is. Tweedens is hierdie ateïste ook geneig om die talle erger gruweldade wat deur ateïste gepleeg is, te ignoreer. Sekulêre, humanistiese, ateïstiese en politiese staatbestelle het veroorsaak dat die 20ste Eeu een van die bloedigste in die hele geskiedenis was.

Die dodetal wat deur sekulêre, humanistiese en ateïstiese diktators soos Vladimir Lenin, Joseph Stalin, Mao Tse Tung, Pol Pot, Haile Mariam Mengistu, Samora Machel, Agestino Neto, Fidel Castro en ander kommuniste agtergelaat is, is meer as 160 000 000 slagoffers. En dit is nie soldate wat op die slagveld gesterf het nie, maar burgerlikes wat in vredestyd, deur die hand van hul eie regerings, gesterf het. En dit alles in die naam van wetenskaplike sosialisme.

IRRASIONELE REDENASIE

Ons wil beslis nie hê dat elke ateïs die skuldgevoel oor die slagting aan die hand van sommige van die wreedaardiges moet deel nie. Dit sal ook nie regverdig of rasioneel wees indien ateïste Protestante Christene blameer vir die onverdraagsames en ekstremiste wat wandade teen hul voorvaders gepleeg het nie. Die feit van die saak is: daar is 'n God.

Hy het ons gemaak. Hy het Sy standaarde van reg en verkeerd in die Tien Gebooie bekendgemaak en ons is aan Hom verantwoording verskuldig. God is beslis nie versteek nie. Hy het Sy krag, majesteit en waarheid op vele maniere bekendgemaak en dit is baie duidelik in Sy Skepping te sien. Hy het ook deur Sy profete gepraat en deur Sy Seun, Jesus Christus.

GOD SE HANDEWERK

Indien jy al ooit die Drakensberge besoek het; dan het jy een van die groot waterskeidings van ons kontinent gesien. Jy kan jouself die reëndruppels indink wat van 'n wolk kom, op die piek val en dan wegvloei na die Oranjerivier en uiteindelik in die Atlantiese Oseaan beland. 'n Ander druppel vloei weg na die Tugelarivier en vloei na die Indiese Oseaan. Op een enkele punt is hierdie druppels water slegs 'n meter geskei, dan honderde kilometer om dan uiteindelik »

WAAROM IS GOD VERSTEEK?

Elke stam en kultuur het 'n idee oor God en 'n naam vir God. Almal die mens se bestaan word geaffekteer deur sy oortuiging dat hyself liefhê, vrees en as dié mag sien wat getart kan word, of as 'n Heer weet God bestaan, maar sommiges probeer die feit wegredeneer. Die hele rigting van die opperwese van die heelal is, of hy erken die bestaan van 'n Opperwese wat hy kan wat gehoorsaam moet word.

duisende kilometer van mekaar geskei te wees. Dit neem een enkele druppel water meer as vier maande om die volle lengte van die Nylrivier te vloei tot in die Middellandse See. In Amerika is die Rockies die kontinentale skeiding en in Suid-Amerika is dit die Andesgebergte. Asië het die Himalajas en Europa weer die Alpe.

WATERSKEIDINGSVRAAGSTUK

Hierdie waterskeidings is baie belangrik in Geografie. Een 'waterskeiding' wat baie belangrik in Teologie is, en een van die 'sleutelgeloofsoortuigings' is, is die vraag: 'Is daar 'n God, of nie?' Die Bybel begin immers met: *"In die begin het God die ganse heelal gemaak, die hemel daarbo en die aarde hieronder."* Gen 1:1. Ateïsme is gebaseer op die veronderstelling dat daar geen God is nie. Jy glo òf die wêreld het homself geskep, òf jy glo in 'n selfgenoegsame Opperwese wat altyd was, is en sal wees. Met ander woorde, die vraag is eintlik: Is God selfgenoegsaam en ewig? Of is die heelal selfgenoegsaam en selfonderhoudend? Die punt waar jy begin, is waar jy sal eindig. *"Net die dwase sê vir hulleself: 'Daar is geen God nie.'"* Ps 14:1.

DIE GOD WAT ÍS

Elke stam en kultuur het 'n idee oor God en 'n naam vir God. Almal weet God bestaan, maar sommiges probeer die feit wegredeneer. Die hele rigting van die mens se bestaan word geaffekteer deur sy oortuiging dat hyself die opperwese van die heelal is, of hy erken die bestaan van 'n Opperwese wat hy kan liefhê, vrees en as dié mag sien wat getart kan word, of as 'n Heer wat gehoorsaam moet word. Die belangrikste is dat dít wat jy oor God glo, die verskil sal maak aan jou gedagtes, jou lewe en jou ewige eindbestemming.

FONDASIES VERKRUMMEL

Een van die redes waarom ons deesdae so 'n militante en aggressiewe aanslag van ateïste ervaar, is juis omdat al die pilare van ateïsme besig is om te verkrummel. Eerstens omdat daar reuse vordering gemaak is om die Evangelie te verkondig en miljoene mense jaarliks tot die Christendom bekeer word en tweedens word daar al hoe meer op die hoogste intellektuele vlakke deur al hoe meer wetenskaplikes besef dat ateïsme onverdedigbaar is.

Elke taal en kultuur het 'n idee oor God en ook 'n naam vir God. Almal weet dat God bestaan, maar sommiges probeer dit onderdruk.

FEITE IS HARDKOPPIG

In 'God, the Atom and the Universe' het die wetenskaplike, Dr. James Reid, verklaar: "Science is preparing a surprise for mankind. At least it will be a surprise for those who have doubts about the Bible and its God. It will also come as a surprise for those who are labouring under the misapprehension that science undermines the Bible. It may even shock some scientists, who may be startled to find that their newly uncovered facts, or accepted theory, provide still another link in the chain of evidence that is showing that the facts of the universe support the Bible's statements – including Creation."

DOEL IN ONTWERP

Brandon Carter, hoogs gerespekteerde astro-fisikus van Oxford Universiteit het die hele akademiese wêreld verstom toe hy in 1973 uitgewys het dat Fisika en Astronomie albei aandui dat die heelal gekonstrueer is en onderhou word vir 'n spesifieke doel. Die onderhouding daarvan kan nét wees vir die volhoubaarheid van intelligente lewe op hierdie planeet.

Professor Carter het dinge soos die konsekwente simmetrie van wiskundige vergelykings vir swaartekrag en die feit dat indien die massa van die proton 'n fraksie groter of kleiner was, die ganse sonnestelsel ineen sou stort, as bewys genoem. Die heelal is 'n bewys dat dit vir die mens ontwerp is. Dit noem hy die Antropiese Beginsel. Vir evolusioniste is 'doel' een van die mees weersinwekkende woorde wat daar is. Om te erken dat daar 'n 'doel' met die Skepping is, is om te erken dat daar 'n Skepper is.

DIE BEVOORREGTE PLANEET

Indien die aarde enigsins nader aan die son was, sou temperature te hoog vir enige vorm van lewe gewees het. Indien ons verder van die son sou wees, sou dit weer te laag vir enige vorm van lewe wees. Die atmosfeer om ons planeet is uniek om mens en dier te onderhou. So baie ander wetenskaplikes het soortgelyke ontdekkings en waarnemings gemaak dat 'n mens dit met sneeuballe kan vergelyk wat in 'n sneeustorting ontaard het wat die pilare van evolusie wegvee.

WISKUNDIGE GENIE

Een van die grootste sterrekundiges van alle tye, Sir James Jeans, het opgemerk dat hoe meer hy die heelal bestudeer, hoe meer blyk dit asof die heelal 'n reusagtige idee van 'n grootse wiskundige is. Wetenskaplikes wat die Intelligente Ontwerp van Lewe aanvaar, wys op vele sulke voorbeelde, soos bv. die maan. Indien daar geen maan was nie, sou daar geen lewe op aarde aarde wees nie.

Sonder die getye en sonder die maan, sou ons strande en baaie gevul wees met tonne en tonne gemors en oorblyfsels van een of ander aard. Die maan is verantwoordelik vir die vermenging van die atmosfeer.

Net soos wat swaartekrag van die maan die getye van die see beïnvloed, veroorsaak dit ook dat die regte hoeveelheid suurstof in die water teenwoordig is as golwe teen die rotse breek. Die gasgevulde water bepaal die lewe van plankton in die see en dit vorm weer die basis van die hele voedselketting en waarsonder ons almal sou sterf.

UITSPRAAK GEREGVERDIG

Vir iemand wat in evolusie glo, is dit onverklaarbaar dat die maan 'bloot toevallig' daar is en 'bloot toevallig' die regte grootte en afstand van die aarde is om al hierdie dinge só te laat plaasvind dat lewe op aarde volhoubaar is. Dink maar aan die stikstof in die atmosfeer – dit bestaan uit 78% stikstof, 21% suurstof en 1% ander komponente. Indien stikstof met feitlik enigiets anders vermeng word, word dit uiters giftig. Tog is dit nie die geval met die atmosfeer nie. Wat is dus die doel van stikstof in die atmosfeer? Daarsonder sou daar geen plante gewees het nie. Hoe het God dit bewerkstellig dat stikstof met die grond meng sodat plante kan groei, maar nie dat dit met die lug wat ons inasem, meng en veroorsaak dat ons sterf nie?

LEWENSBALANS

Wetenskaplikes is dit eens dat die honderde duisende weerligstrale daagliks regoor die wêreld noodsaaklik is om die molekulêre stikstof te verander in samestellings soos ammoniak en nitrate wat deur reën versprei word. Die stelsel produseer 100 000 000 ton stikstofplantvoedsel elke jaar en onderhou die wêreld. Telkens as ons donderweer hoor en weerlig sien, behoort ons stil te staan en net daaraan te dink dat indien dit nie vir die weerlig was nie, sou volhoubare lewe op aarde geensins moontlik gewees het nie.

DIE SKEPPING IS BEWYS VAN DIE ONTWERP DEUR 'N SKEPPER

Wetenskaplikes wys ook op die intelligente ontwerp van stof. Vir so baie mense is stof bloot net onaangenaam, maar intelligente ontwerp wys egter daarop dat ons God baie dankbaar moet wees daarvoor. Een van die voordele daarvan is bloot kosmeties. Die lug is nie werklik blou nie, dit kom slegs so voor a.g.v. die effek van stof op lig. Indien jy 40 km reguit in die atmosfeer sou opgaan waar daar geen stof is nie, lyk die lug pikswart. Dink hier maar net aan die foto's wat vanaf die maan geneem is en waar die lug pikswart vertoon.

DIE KOMPLEKSITEIT EN WONDER VAN GOD SE SKEPPING

Ons word ook deur kundiges ingelig dat stof iets baie belangriks doen: elke druppel reën bevat ongeveer agt miljoen druppeltjies wat om 'n spikkeltjie stof gevorm is. Indien dit nie vir stof was nie, sou dit nooit gereën het nie en sonder reën sou die hele wêreld in iets soos die Sahara-woestyn verander en sou ons almal sterf. Alles spreek duidelik van ontwerp.

"Die hemele verkondig die heerlikheid van God. Die uitspansel getuig van die werk van Sy hande."
Ps 19:1

Indien ons die kompleksiteit en wonder van God se Skepping bedink, word dit baie duidelik dat Hy beslis nie 'versteek' is soos van die skeptici beweer nie. *"Die hemele verkondig die heerlikheid van God. Die uitspansel getuig van die werk van Sy hande."* Ps 19:1. ■

DR. PETER HAMMOND, *sendeling, outeur en konferensiespreker. E-pos mission@frontline.org.za, besoek www.frontline.org.za of skakel hom by 021 689 4480.*